

# 14

## Ek en almal rondom my

### ONS DOELWIT

Die jongmense moet ervaar hoe dit is om in verhoudings met ander mense te lewe.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die jongmense moet weet –

- dat hul verhouding met God bepalend is vir hul verhoudings met ander mense;
- dat hulle self moet kies met wie hulle verhoudings aanknoop;
- dat die Bybel die norm moet wees vir hierdie keuse;
- dat die Bybel die aard van hul verhoudings moet bepaal;
- dat hulle self verantwoordelik is om die Bybelse norme toe te pas; en
- dat verbale en nie-verbale kommunikasie ten grondslag van verhoudings lê.

#### Gesindheid

Die jongmense moet bereid wees om God se maatstaf die norm te maak vir hul verhoudings met ander mense.

#### Vaardigheid

Die jongmense moet in staat wees –

- om self verantwoordelikheid te neem vir hul verhoudings met ander mense;
- om die Bybel die norm te maak vir hierdie verhoudings;
- om mislukkings en teleurstellings in verhoudings te kan hanteer; en
- om in liefde te kan kommunikeer.

### EK BREI MY EIE KENNIS UIT

In Genesis 1 en 2 lees ons dat die Here die mens geskape het. Omdat dit nie goed is om alleen te wees nie, het God vir die mens 'n vrou gemaak om by hom te wees. So begin die geskiedenis van die mens wat in verhouding met God en mekaar leef. Hierdie geskiedenis vertel nie dat dit altyd net goed gegaan het in hierdie verhoudings nie. Ons lees dikwels dat mense ongehoorsaam aan die Here was en so hul verhouding met Hom geskaad het. Ons lees ook hoe mense verkeerd teenoor mekaar optree en so hul verhoudings met mekaar verongeluk.

Die Bybel gee vir ons belangrike riglyne oor hoe ons verhouding met God en mekaar moet wees. Die belangrikste saak wat die Here vra van mense in hul verhouding met Hom, is gehoorsaamheid. In die Ou Testament is hierdie verhoudings gereël deur die wet of die tien gebooue wat die Here vir sy volk gegee het. Die geskiedenis van die volk van die Here vertel 'n storie van mislukking in hierdie verhoudings. Ons lees baie van bedrog, jaloesie en ongehoorsaamheid. Die mens is duidelik nie in staat om die wet van die Here te onderhou en so in die regte verhouding met Hom en ander mense te lewe nie.

In die Nuwe Testament leer ons dat Jesus gekom het om hierdie verhoudings te herstel. Deur sy lewe, sterwe en opstanding bewerk Hy vergifnis vir almal wat in Hom glo. Op grond van die vergifnis kan ons nou op 'n nuwe manier in verhouding met die Here en mekaar leef. Ons verhoudings word nou nie meer bepaal deur 'n wet wat nagekom moet word nie, maar deur 'n band van liefde wat uitgeleef word. Omdat ons vergewe is, kan ons ook vergewe; omdat ons verstaan word, kan ons mekaar ook verstaan. Ons word nou deur die woorde en lewe van Jesus geleer hoe om in verhoudings te leef. Die Here stuur ook vir ons sy Gees wat ons lei om te leef soos mense wat aan die Here behoort. Ons lees in Galasiërs 5 van die vrugte van liefde, vreugde, vrede, geduld... wat die Gees in ons laat groei en ons gedrag en verhouding met God en mekaar kom reël.

Die Here laat groei *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing* in ons, en Hy verwag dat ons dit aan mekaar sal uitdeel. So vestig Hy 'n nuwe liefdesverhouding tussen ons en Hom, en dit vorm ook die basis vir ons verhouding met mekaar.

## **EK SPRING SELF AAN DIE WERK**

### **Ek het nodig**

- 'n Bybel.
- Reël met een van die jongmense om met gebed te open.

## **KOM ONS BEGIN**

Lees saam uit Galasiërs 5: 16-26 en laat die een met wie gereël is, open met gebed.

## **IN DIE GROEPBYEENKOMS**

### **WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?**

- Kontroleer of hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) na ander inligting oor die tema gesoek het.
- Neem 'n paar boeke in en lees wat daarin staan by die vorige aanbieding se RADIKALE DISSIPELSKAP oor die erediens, sonder om te sê uit wie se boek jy lees.
- Onthou om hierdie antwoorde met die predikant te deel.
- Kontroleer of hulle iets gaan skryf het oor die beginsel van dissipelskap en hoe hulle daarvoor voel. (*Aangesien hierdie 'n sensitiewe saak is, moet dit nie onnodig in diepte bespreek word nie. Laat slegs dié wat wil, hul gevoelens deel. Skep 'n geleentheid ná die byeenkoms waar ander persoonlik met jou of iemand anders daarvoor kan gesels en gehelp kan word waar nodig.*)

- Gee vir 'n paar van hulle wat wil die geleentheid om te sê wat hulle geskryf het oor hoe hulle gevoel het na die vorige ontmoetingsgeleentheid. *(Ek voel ek het nog nooit regtig geweet wat dit beteken om 'n dissipel van Jesus of 'n kind van God te wees nie. Of: Ek voel dankbaar dat ek nou weet wat die Here Jesus van my verwag, en ek sien uit daarna om 'n dissipel van Hom te gaan wees. Of: Ek voel ek kan nou waardevol gaan wees vir die saak van die Here. Of: Ek voel ek het nou die kennis om ander te help nadat ek vroeër nooit geweet het hoe nie. Of: .....)*
- Gee vir 'n paar van hulle wat wil die geleentheid om te sê wat hulle geskryf het oor watter praktiese daad hulle gaan doen om hul dissipelskap uit te leef. *(Enigiets wat hulle hulle voorneem, is hier moontlik – om vir iemand wat hulle dink die Here nie ken nie, van die Here te vertel; om iemand wat hulp nodig het, met iets te help; om vriendelik te wees waar hulle dalk altyd ongeskik was; om iemand wat hulle gedink het die slegte kant van die lewe verdien, te gaan ophelp en bemoedig; om iemand om verskoning te gaan vra en te vergewe waar hulle tot nou toe geweier het om dit te doen; om 'n Bybelstudiegroep onder hul maats tot stand te bring; om ander te vra om hul voorbeeld te volg in bogenoemde; ensovoorts.)*

## **VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK**

### **BEGIN SO**

Vertel kortliks dat mense verhoudingswesens is. Oral tref ons verhoudings aan soos die volgende:

- Vrienskapsverhoudings.
- Man-vrou-verhoudings.
- Ouer-kind-verhoudings.
- Gee hulle die geleentheid om nog twee of drie te noem.

### **WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?**

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende opsomming om hulle met die saak vertrouwd te maak.

- By die skepping begin die geskiedenis van die mens met Adam en Eva wat in verhouding met God en mekaar leef.
- Die geskiedenis van die mensdom vertel 'n storie van mislukking in hierdie verhoudings:
  - Adam en Eva is ongehoorsaam aan God en luister na die slang (hul sondige natuur.)
  - Adam en Eva verwyd mekaar.
  - Kain slaan sy broer Abel dood.
  - Die hele mensdom raak so korrup dat God die sondvloed laat plaasvind.
  - Noag drink homself papdrank.
  - Jakob lieg soos 'n matroos.
  - Josef se broers mishandel hom.
  - Die Here se kinders loop agter afgode aan.
  - En baie ander.
- In die Nuwe Testament leer ons dat Jesus gekom het om hierdie verhoudings te herstel. Deur sy lewe, sterwe en opstanding bewerk Hy vergifnis vir almal wat in Hom glo.
- Omdat ons vergewe is, kan ons ook vergewe; omdat ons verstaan word, kan ons mekaar ook verstaan.

- Ons word nou deur die woorde en lewe van Jesus geleer hoe om in verhoudings te leef. Die Gees kom lei ons om te leef soos mense wat aan die Here behoort.
- Ons lees in Galasiërs 5 van die vrugte van liefde, vreugde, vrede, geduld... wat die Gees in ons laat groei en ons gedrag en verhouding met God en mekaar kom reël.

### **ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET**

- Deel in groepe indien moontlik en laat hulle die volgende stelling bespreek: *Alle verhoudings word gebou op ons verhouding met God.*
- Laat hulle terugrapporteer, en gesels saam oor die antwoorde wat hulle neergeskryf het – moenie 'n regte antwoord gee nie, en moenie hul antwoorde as reg of verkeerd klassifiseer nie.
- Onthou: Skryf twee teenoorstaande standpunte neer vir die gesprek wat jy met hulle gaan voer by IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN hieronder. Indien almal dieselfde gedink het, skep 'n denkbeeldige *teenoor-standpunt* ter wille van die gesprek.
- Skerp die volgende by hulle in: In alle verhoudings is die volgende boustone broodnodig:
  - Die Bybel is vir kinders van die Here die norm vir ons verhoudings.
  - Jou verhouding met God en jou gehoorsaamheid aan Hom is die belangrikste verhouding.
  - Jou kommunikasie met God – erediensbywoning, Bybellees, gebed, Bybelstudie – is van kardinale belang vir jou verhouding met God en vir alle ander verhoudings.
  - Die opdrag dat ons mekaar moet liefhê, moet 'n ononderhandelbare beginsel by jou wees.
  - Gesonde kommunikasietegnieke en -beginsels is noodsaaklik – in gesprekke is lyftaal, stemtoon, oogkontak, taalgebruik, ensovoorts, van deurslaggewende aard.
  - Die regte hantering van konflik is belangrik – praat uit, sê jy is jammer, vergewe, aanvaar as jy vergewe word, ensovoorts.
  - Gemeenskaplike belangstellings bring mense nader aan mekaar.
  - Bogenoemde bepaal met wie jy vaste verhoudings aanknoop.
- Lees 1 Korintiërs 13: 4-7 aan hulle voor.

### **IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN**

- Gaan terug na die antwoorde wat uit die groepsgesprek na vore gekom het oor: *Alle verhoudings word gebou op ons verhouding met God.*
- Laat hulle hul Bybels oopmaak en oophou by Galasiërs 5: 19.
- Laat een dit hardop lees, of doen dit self.
- Laat hulle hul Bybels oopmaak by Galasiërs 5: 19-22.
- Laat een van hulle Galasiërs 5: 22 lees, of doen dit self.
- Laat elkeen nou self die vrae in sy of haar boek beantwoord.
- Bespreek hul antwoorde.

### **Vrae**

1. Weet alle mense in die wêreld van God? (*Nee, net diegene wat al van Hom gehoor het.*)
2. Ken alle mense in die wêreld vir God? (*Nee, net dié wat Hom deur die Bybel leer ken het.*)
3. Glo alle mense in die wêreld in God? (*Nee, net hulle wat Hom leer ken het en Hom vertrou.*)
4. Word mense wat nie in God glo nie, se verhoudingslewe gebou op hul verhouding met God?

*(Nee, hul verhoudingslewe kan deur baie ander dinge bepaal word – hul geloof in afgode, hul sondige natuur, ensovoorts, soos dit geskryf staan in Galasiërs 5: 19.)*

5. Wat, volgens jou, in Galasiërs 5: 19 verwoes die meeste verhoudings? *(Alles wat daar staan, is moontlik, maar sommige van hulle kan klem lê op sekere praktyke wat hulle tien teen een in hul eie huis belewe, soos onsedelikheid, dronkenskap, haat, ensovoorts.)*
6. Word alle verhoudings gebou op mense se verhouding met God? *(Nee, verhoudings word by talle mense gebou op hul sondige begeertes, en dit bring meestal hartseer en pyn.)*
7. Word aangename verhoudings wat liefde en geluk bring, gebou op ons verhouding met God? Ja of nee?
8. Indien ja, waar lees jy daarvan? *(Galasiërs 5: 22. Let op die woord “daarteenoor”, met ander woorde, anders as die dinge wat deur ons sondige natuur veroorsaak word – vers 19, bring God liefde, vreugde, vrede... – vers 22; dit is mos lekker en maak gelukkig!)*
9. Indien nee, hoe verduidelik jy dit? *(Daar mag iemand wees wat so voel. Lei hulle daarheen dat net God die bron van ware liefde is.)*

## **HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD**

### **RADIKALE DISSIPELSKAP**

- Laat hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gaan soek na ander interessante inligting oor die tema.
- Laat hulle met die volgende erediens gaan neerskryf wat daarvan hul lewens aangeraak het.
- Laat hulle met God gaan gesels (bid) oor hul verhouding met Hom.
  - As hulle 'n gelukkige verhouding met Hom het, moet hulle Hom prys.
  - As hulle 'n slegte verhouding met Hom het, moet hulle bid vir liefde, vreugde, vrede, ensovoorts. (Dit is geskenke van God, die Heilige Gees.)
  - As hulle sukkel om met God te praat, moet hulle hul ouers of predikant se hulp gaan vra.
- Laat hulle met hul ouers en vriendinne en vriende gaan gesels oor hul verhoudings.
  - As hulle gelukkige verhoudings het, kan hulle vir God en vir mekaar dankie sê daarvoor en gesels oor die rede vir hul geluk.
  - As hulle slegte verhoudings beleef, kan hulle –
    - die Here vra (bid) om dit te verbeter;
    - as hulle die vrymoedigheid het, dit met die betrokke persone gaan opneem en daaroor praat; of
    - as hulle nie die vrymoedigheid het nie, hulp vra by 'n vertroueling ('n ouer, predikant, onderwyser, ensovoorts).

### **HULLE KRY HULSELF PARAAT**

Laat hulle die volgende gaan leer en diep dink oor watter geluk elkeen van hierdie vrugte vir hulle en ander persone bring:

Die Here laat groei in ons –

- *liefde;*
- *vreugde;*
- *vrede;*
- *geduld;*
- *vriendelikheid;*

- *goedhartigheid;*
- *getrouheid;*
- *nederigheid; en*
- *selfbeheersing.*

### **BELANGRIK**

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

### **AFSLUITING**

Sluit af met gebed deur te bid vir die mense met wie julle in verhoudings leef.